TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 9/1/2017 **Datum: 9 Maart 2017**

Uit die kantoor:

Terugvoering:

Tydens die onlangse BL vergadering was die volgende besprekingspunte ter tafel:

1.Bloekomboom: ("Love tree")
In beginsel het die BL besluit dat die boom moet val. Daar is met vier kundige persone gekonsulteer en almal is van mening dat dit op die langduur die beste sal wees. Alhoewel laerskoolkinders nie altyd 'n ingeligte besluit kan neem nie, het ons selfs hulle mening getoets. Die BL beoog om as plaasvervanger 'n afdak met sitplekke wat as pawiljoen en wagplek vir kinders en ouers kan dien, op te rig.

2.Parkering in Louis Bokstr.
Die BL het besluit om 'n ondersoek te doen waarna daar met die inwoners en parkeraad gesprek gevoer sal word om alternatiewe te ondersoek.

3.Snoepie:

Die BL het herbesin oor die voortbestaan van ons snoepie in sy huidige vorm. Van die klagtes wat ons ondervind het, was dat dit duur was en die verskeidenheid te min. Die BL is ook nie oortuig dat ons daarin slaag om ouers en kinders te oortuig om gesonder te lewe nie en of dit wel ons verantwoordelikheid is nie.

Die bedanking van me Ilze Jordaan het ook ons besluit vergemaklik en derhalwe gaan daar nuut gedink word oor die formaat. Ek vermoed dat daar dalk 'n verskeidenheid van produkte gaan wees wat in almal se smaak sal val. Ons gaan eersdaags 'n vraelys sirkuleer om u gevoel te toets.

UITSLAE

Zander en Wian vd Bergh behaal Suid-Vrystaat kleure in Tweekamp en word ingesluit in die Suid-Vrystaatspan wat in April aan die Suid-Afrikaanse Tweekampkampioenskappe gaan deelneem in die Paarl.

Die volgende leerders is ingesluit in die Suid-Vrystaat Hokkiespanne:

Cloete J v Vuuren – O/13A
Francois Fourie – O/13A
Devan Potgieter – O/13B

BELANGRIKE DATUMS

10 Mrt: Gesinsdag vir almal wat belangstel word deur die Voortrekkers aangebied. Die kruiwa-derby (bring eie kruiwa) begin om 17h00 en die instapfliek "Storks" op die rugbyveld begin om 19h00. Onthou stoele, komberse en geld vir snoepie. Indien dit reën, is die fliek in die skoolsaal.

Skaaktoernooi: Spelers wat deelneem, het die inligting ontvang.

O/13 Kriekettoernooi by St Andrews skool

11 Mrt: Vrystaat Atletiekkampioenskappe te Sasolburg. Twintig atlete neem deel.

15 Mrt: Klas- en individuele foto's. Ons maak vanjaar van 'n ander fotograaf hiervoor gebruik en gaan met iets nuuts eksperimenteer. U besluit self of u kind individueel afgeneem moet word, maar indien wel, moet u daarvoor betaal. Klasfoto's word opsioneel bestel. (Sien volledige inligting op bladsy 2 van die nuusbrief)

O/13 rugby aandliga

O/8 Netbalkliniek.

16 Mrt: Klas- en individuele foto's vervolg

O/11 rugby aandliga

Buitemuurs staak, behalwe waar onderling gereël is vir netbal en rugby.

VERJAARSDAE

12 Mrt: Juff Natasha v Rensburg (Gr 4), Janah Posthumus (Gr 1) en Sumé Myburgh (Gr 2)

INTER MET ALIWAL-NOORD (Herhaal)

Let asb daarop dat Aliwal gevra het om die datum van 6 Mei na 13 Mei te skuif. Dit vind by Tjokkies plaas.

VCSV AVONTUURKAMP

Laerskool Avontuurkamp
31 Maart – 3 April 2017
R530 per kind
Retiefkampterrein

Leerders wat belangstel kan hulle name opgee by juf. Liezl Hiten vir kampvorms.

Let wel: dit is 'n VCSV-kamp vir alle skole, nie net Tjokkies nie. Die Tjokkie-kamp volg later in die jaar.

KLAS- EN INDIVIDUELE FOTO'S: 15 & 16 MAART 2017

Klasfoto:
15 x 20 @ R30.00

Individueel:
1 Vergroting (A5), 3 kleiner foto's waarvan een swart/wit + 4 ID-foto's @ R50.00.

Boetie/sussie: R50 (pakket soos by individueel)

Bestellings en betalings word by die registeronderwysers gedoen.

SNUFFELS

Smartschool ekstra klasse
Ons bied Middagstudie en wiskunde ekstra klasse aan. Die klasse word deur 'n gekwalifiseerde juffrou, wat persoonlike aandag aan elke kind gee, aangebied. Graad 1 – 12 welkom. Ontspanne en selfmotiverende atmosfeer. Kontak Nelmarie by: 072 589 8069

Marlene de Lange:
Transportbesorger & Notaris
Spesialiseer in kontrakte, oordrag van eiendomme en huweliksvoorwaardekontrakte
Kontak 082 308 1655

Meenthuis te huur LHP, Toskana

Ruim, netjies, losstaande eenheid.
3 slaapkamers, 2 badkamers, oopplan en modern.
Motorhuis, afdak en waskamer.
Tuin, goeie sekuriteit.
Beskikbaar 1 April, R6800pm plus deposito
Kontak 072 0646 133

Vrystaat Landbou Produkte se Troetel – Treats afdeling lewer nou HONDEKOS, asook 'n groot verskeidenheid troeteldierkos vir u tuis af. Kontak ons gerus vir Montego, Ideal, Supreme Pet, Wuma en verskeie ander soorte hondekos. Bestellings vir meer as R200 word GRATIS afgelewer in die stedelike gebiede van Bloemfontein. Besoek ons facebookblad of kontak ons by 051 430 3773 vir meer inligting.
Bederf jou troeteldier met kwaliteit kos. Troeteldierkos op jou voorstoep.

KLEUTERSKOOL DANS (Herhaal)

Tjokkiebal

Daar is nog enkele plekke oop, spring gou en kom geniet die aand saam met Tjokkie-ouers en vriende!
Twee-gang ete, foto's ingesluit, drag formeel.
Kaartjies by die kleuterskool of juf Blanche,
072 505 2247

BANKBESONDERHEDE:

Maak asseblief seker dat alle betalings in die regte rekening gedeponeer word. Die skool se bankbesonderhede is as volg:

Rekeningnaam: Universitas Primêre Skool
Bank: ABSA
Takkode: 632005
Tipe rekening: Tjek
Rekeningnommer: 1570670200

Dit is belangrik om die korrekte verwysing (skool rekening/ kind se naam & van/ aktiwiteit) te gebruik.

LW: Die Kleuterskool het hul eie bankrekening by Standard Bank.

O/8 NETBALKLINIEK

13 – 15 Maart 2017 vanaf 14h00 – 16h00 op die netbalbane. Kliniek word aangebied deur Tanya Mostert. Leerders het skrywes ontvang. Let asb op die keerdatum wat vandag is.

PRIMêRE SKOOL UNIVERSITAS
TOETSROOSTER:

22 MAART 2017 – 29 MAART 2017

DATUM	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
22 MAART WOENSDAG				EBW
23 MAART DONDERDAG	WISK	WISK	WISK	WISK
24 MAART VRYDAG	AFR	AFR	AFR	AFR
27 MAART MAANDAG	ENG	ENG	ENG	ENG
28 MAART DINSDAG	SW	SW	SW	NW/TEG
29 MAART WOENSDAG	NWT	NWT	NWT	SW